ROEPING & RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

ISSN 1029-8754

Jaargang 71 Nr. 2

3de Kwartaal, 2023

70
2019



Ouerseggenskap oor die opvoeding/onderwys van hulle kinders oorheers enige aansprake van die staatsowerheid

IN DIE SKRIFLIG

Gehoorsaam die owerheid wat God gehoorsaam

Daniël 6:22-28

J Calvyn

"n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense!" – Hand. 5:29

Ons het vasgestel dat 'n mens die bevele van die owerhede moet gehoorsaam. Maar daar moet altyd hierdie uitsondering gemaak word, of liewer: daar moet veral hierop gelet word dat hierdie gehoorsaamheid ons nie daarvan mag weerhou om gehoorsaam te wees aan God nie. Aan sý wil moet alle konings se wense onderworpe wees. Voor die besluite van God moet hulle bevele wyk en voor sy majesteit moet hulle septers buig. En waarlik, hoe verkeerd sou dit nie wees nie dat jy, in 'n poging om mense te behaag, Hom – ter wille van wie jy die mense gehoorsaam, sou beledig!

Die Here is die Koning van die konings: wanneer Hy sy heilige mond oopgemaak het, moet bowenal na Hom geluister word. Ons is onderworpe aan die mense wat oor ons gestel is. Maar alleen omdat ons aan die Here behoort. Indien hulle iets beveel wat teen Hom ingaan, moet daar hoegenaamd nie op ag geslaan word nie. Ons moet ons ook nie laat beïndruk deur al die waardigheid waarmee die owerhede beklee is nie. Hierdie waardigheid word nie aangetas wanneer dit beperk word deur die besondere en waarlik hoogste mag van God nie.

Ooreenkomstig hiermee ontken Daniël (6:22) dat hy in enige opsig teen die koning gesondig het toe hy nie gehoor gegee het aan sy goddelose bevel nie. Want die koning het sy perke oorskry. Hy het nie alleen mense veronreg nie, maar ook – deur die horing teen God op te lig – self sy eie mag vernietig ... Laat ons ons met dié gedagte troos dat wanneer ons liewer enigiets verduur as om die pad van vroomheid te verlaat, ons God se eis van gehoorsaamheid nakom. AAN GOD DIE LOF.

Inst. IV, 20, 32

Gebed: Here, gee dat die onderrig van die hervormer, Calvyn, ons steeds sal laat hervorm as u Woord dit eis.

IN HIERDIE UITGAWE

In die Skriflig: Gehoorsaam die owerheid wat God gehoorsaam	bl 2
Redaksioneel	bl 3
Ons allesomvattende Christelike lewens- en wêreldbeskouing	bl 4
Christelike onderwys: Die skoolbeheerliggaam se mandaat as beelddraers van God	bl 6
Die onderwyser se verhouding met ander	bl 10
Calvinisme en die opvoeding/onderwys	bl 12
Bedreiging teen die fisiese en geestelike welstand van ons kinders/jongmense	bl 13
Wetsontwerp oor onderwys verwerplik	bl 17
Die erfenis van ons taal	bl. 18
Aansoek om lidmaatskap	bl. 20
Magtiging t.o.v. Aftrekorder-vorm	bl. 21
Finansiële bydraes aan VCHO: beroep op lede	bl. 22

Redaksioneel

Die verskyning van hierdie uitgawe geskied in 'n baie kritieke stadium van die onderwys waarin sowel die openbare, as die private bedeling, deur 'n uiters omstrede wetsontwerp bedreig word. Indien hierdie onderwyswet, die sg. Belawetgewing deurgevoer sou word, sal dit die onderwyslandskap ingrypend verander. Die beginsel van ouerseggenskap, die beskerming van die magte en bevoegdhede van belanghebbendes, die onafhanklikheid van onderwysinstellings, die lewensbeskoulike inslag van sodanige instellings en die beheer en bestuur daarvan, sal ten diepste geraak word. Die wet sal 'n einde bring aan ouerseggenskap en die magte en bevoegdhede van beheer en bestuursliggame, wat die belange van die ouergemeenskap behartig.

Ingevolge die bepalings van hierdie voorgestelde wetgewing sal die beleid oor toelating, oor die taal van onderrig, asook die inkleding van die kurrikulum, uit die beheer van die skool geneem en aan die staat oorgedra word; alles kritiese aspekte sover dit die onderwys van kinders/jongmense van Christen-Afrikanerouers betref.

Ons bevind ons by 'n onderwys-historiese krisispunt in ons volkslewe, waarby die opvoeding en onderwys van ons kinders en jongmense daadwerklik gevaarloop om van regmatige ouerlike beheer en seggenskap ontneem en van sy Bybelse grondslae weggeroof te word deur staatlike dwangmaatreëls by wyse van Marxistiese wetgewing. Die onderwys sal daardeur aan die ideologiese opvattinge van die regerende politieke party uitgelewer en aan die willekeur van die ideogies-geïndoktrineerde burokrasie oorgelaat word. Daarmee saam, die aanslag vanuit die staat wat naamlik die magte en bevoegdhede van die beheerrade van skole in die spervuur gebring het, deurdat die staatsorgane op ongeoorloofde wyse dit toenemend vir hulleself opeis en toe-eien, wat daarop gerig is om algehele beheer óók oor die onderwys te wil neem, sonder dat hulle oor enige juridies regmatige gronde daartoe beskik. Dit raak nie slegs die beleid oor toelating, onderrigtaal en die kurrikulum nie, maar ewe-eens die religieuse en lewensbeskoulike fundering en inrigting van die onderwys, asook die inkleding van die leerinhoude.

Dit het gebiedend noodsaaklik geword dat Christelike opvoeding en onderwys in volksgeledere gekonsolideer moet word vanuit Reformatoriese grondslag, teen die agtergrond van die revolusionêre aanslag en bedreiging, soos vanuit staatsweë geïnisieer en georkestreer, n.a.v. die regerende politieke party se verklaarde sogenaamde nasionale demokratiese revolusie en die meedoënlose deurvoering daarvan ook wat die onderwys betref, met blatante minagting van (i) die Godgegewe aansprake en regte van die ouerhuis en die skool, (ii) Christelik-volkseie onderwys en (iii) die verantwoordelikhede waaroor voormelde belanghebbendes t.o.v. die onderwys beskik.

In hierdie uitgawe word 'n bydrae aan die besondere bedreiging van die fisiese en geestelike welstand van ons kinders en jongmense gewy, sowel as oor die implikasies van die voorgestelde onderwyswet. Dit is van die uiterste belang dat veral die ouergemeenskap daarvan kennis neem en hulleself voorberei met die oog op 'n gepaste strategie en teenoptrede, indien hierdie onderwyswet deurgevoer sou word.







Ons allesomvattende Christelike lewens- en wêreldbeskouing

Uit die amptelike orgaan van die N.G. Kerk Admissiebond, Tussen Ons, nr 16, 1969 geneem

Dr JC Lombard, destyds Senior Lektor, UOVS

Dit was vir my in 1939, as eerstejaar aan die UOVS, 'n heerlike ontdekking toe ek deur andere wat my meerdere was, geleer is dat mens die hele lewe en alle probleme vanuit EEN sentrum kan beskou, nl. die Heilige Skrif, as die Woord van God, soos die Here Hom daarin geopenbaar het. Dit is werklik 'n genadevoorreg om die eenheid en die wydste perspektief wat die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing bied jou eie te kan maak, en deur te ontdek dat die eenheid van siening ook geld vir die beoefening van die wetenskap. Dit geld natuurlik vir die Christelike wetenskap, waar dit nie moontlik is om in een vak 'n evolusionis te wees, en in 'n ander vak bv. 'n positivis wat net feite versamel sonder om met beginsels te werk nie. Soveel mense soveel standpunte – dis die posisie as 'n mens uitgaan van die sg. 'neutrale' siening, wat in werklikheid onmoontlik is.

Ons bedoel met 'n lewens- en wêreldbeskouing die Christen se 'siening' of 'beskouing' oor 'alles'. Daarom is die begrip "lewens- en wêreldbeskouing" te eng en te begrens, want ons dink nie net oor die lewe en die wêreld nie – nee, ook oor God vanuit die geloof in Hom soos Hy Hom in Sy Woord bekendgemaak het, asook oor die mens se toekoms en lewe ná hierdie aardse lewe. Ons moet ook onthou dat ons die Christelike siening van alles meer en meer ons eie maak deur die Christelike waarheid doelbewus meer en meer in te neem, maar – uiteindelik is dit iets wat aan ons geopenbaar, gegee word, sodat ons dit glo. Dis 'n genadevoorreg wat ons ontvang, en nie uit onsself ontdek of uitgedink nie.

'n Uitstaande kenmerk van ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing is dat dit universeel, omvattend, allesinsluitend is. Die mees konsekwente Bybelse Christendom, soos deur Johannes Calvyn en sy navolgers uitgewerk in die lig van die volle Woord, plaas die adjektief Christelik nie net voor kerk en godsdiens nie; maar eerbiedig die duidelike en onontwykbare proklamasie van God dat ook alle ander lewensakkers en geskape dinge óf Christelik óf nie-Christelik bepeins en belewe en gelewe word. Geloof en ongeloof sny deur die ganse lewe in sy volle breedte en diepte, in gehoorsaamheid aan óf afval van God. Ons wil net die hoofmomente van hierdie beskouing aanstip, soos dit deur die gereformeerde Christen bely word – dikwels ook genoem die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing. Laasgenoemde terminologie is egter nie essensieel nie, en het histories ontwikkel sonder dat dit juis so bedoel is.

Daarom is dit die eerste en laaste bron van ons lewens- en wêreldbeskouing – vas en seker – die standaard waarna ons altyd weer terugkeer, om enige saak te toets.

Die gesag van die Woord geld verder oor alle menslike doen en late. Dis wel nie 'n handboek waar vir elke situasie 'n teks uitgehaal kan word nie, maar die grondlyne en grondmotiewe daarin geopenbaar is rigtinggewend vir die hele Christelike lewe. Die Skrif is nie net 'n padkaart na die hemel toe nie, maar 'n gids om op hierdie aarde my roeping Christelik te vervul, waar ek ookal elke dag lewe, werk en wandel. Dis 'n Lig wat hoog en helder brand, en sirkelvormig na alle kante op die volle lewe skyn, en nie net op die werkgebied van kerk en godsdiens nie. Dit lei ons op die pad van 'n omvattende Christelike lewenstyl met beskawingsvorme in diens van die lewende God wat ons liefhet, in Wie se diens ons voltyds staan.

Die God van die Woord is nie 'n grillerige en willekeurige magsfiguur soos die gode van die heidene wat meer vrees inboesem nie – nee, Hy is die Drie-enige, die lewende God. Hy bestaan in sy onafhanklikheid, vrymag, heerlikheid, ewigheid, almag, wysheid – in alle Goddelike deugde as Goddelike 'eienskappe' soos in Sy "wese en werke" bekend gemaak (vgl. bv. Gesang 1-22).

In geloof buig ons diep voor Hom wat tot in ewigheid geprys moet word, val ons, in die ligglans van Sy heerlikheid voor Hom neer in verbysterde aanbidding – want dis eenvoudig oorweldigend. In Sy majesteit, regering van en voorsienigheid oor alles is niks, ook nie die duiwels, van Sy gesag onttrek nie.

Sy koninklike heerskappy is van see tot see en oor elke brokkie menslike aktiwiteit. Alle mense moet aan Hom rekenskap gee t.o.v. alles wat hulle doen. Wat leer u in die lesingkamer, wat skrywe u as joernalis, waarmee het u as koerantman óf skrywer óf kunstenaar bedoel om ons te skok? Hoe regeer u as owerheid, hoe doen u sake in die sakewêreld, hoe beoefen u die wetenskap en gee u

onderwys, hoe bederf of veredel u die kuns, hoe vorm en gebruik u die kultuur, hoe werk u vir Christelike politiek, hoe na aan u hart lê die Christelike wetenskap, e.s.m.; God vra dit pertinent. Hy vra ook verantwoording van Mao Tse Toeng, Stalin, Wilson – aan alles en almal voor Sy gerig t.o.v. elke woord en daad. God gee niemand sanksie om 'n stukkie of sekere dele van u lewe neutraal, beginselloos of nie-Christelik te lewe nie – allermins die wetenskap, al fabriseer ons ook watter soort ontwykingsargumente om ons versuim te kamoefleer.

Besef ons die volle betekenis en krag van die Skrifwoord dat alles uit Hom, deur Hom en tot Hom is (Rom. 11 vers 36)? In Hom lewe ons, beweeg ons, en is ons (Hand. 17 vers 28). Dit beteken dat niks en niemand op hierdie aarde van God los te dink is nie. Geen mens kan hom losmaak van die feit dat hy is wat hy is nie – skepsel Gods! Die bodem waarop ek staan, die volle lewe en wat dit moontlik maak, ons hele menswees, met alles om ons, kom uit Gods hand en ons kan NOOIT buite die sirkel val nie – die sirkel van geskapenheid deur die Oorsprong en enigste grond van alles. Niemand is dus sy eie baas nie – van elkeen en alles is God die absolute eienaar met volle beskikkingsreg, en van alle mense eis Hy gehoorsaamheid.

Die sonde is van radikale en universele aard: Die skepping het gesidder toe die vreeslike ramp plaasgevind het – dit geld die geskape natuur, maar ook die volle mens in sy volle menswees sodat hy na die sondeval nie net 'n heiden word nie, maar selfs 'n menslike duiwel. Ook word hy 'n Christen wat nog sy God dien in kerk en godsdiens maar met 'n verdeelde hart wat sekere lewensgebiede aan Gods gesag en wet onttrek. Ons moet besef dat die sonde ook lewenswyd verwoes en verkanker en dat die teenaksie teen die sonde ook lewenswyd omvattend is van Gods kant, en so van ons kant. As ek bv. die reg van Christelike onderwys my kind ontsê, beweer ek dan dat die sondeval nie die onderwyser en die onderwys getref het nie.

Jesus Christus is die lewenswortel en glans van die nuwe herbore skepping en mensegeslag – die tweede Adam wat die geskapene van die vloek verlos. God red en bewaar in Jesus Christus omvattend, alle wat SYNE is. Die herstel, her-adeling, wedergeboorte van alles, word aan ons geopenbaar in Sy Woord. Die verlossing deur Jesus Christus is totaal, integraal, 'kosmies', en omvattend. Die gereformeerde Christen besef dat as die mens se hart wedergebore is, sy lewe dan in volle totaliteit hernu moet word tot 'n Christelike lewenstyl. Hier moet ons veral besef dat die kruis van "Golgotha" nie net my siel verlos in die verband van kerk en godsdiens nie. Ons mag die genade van God nie so skei nie – indien wel, maak ons die fout van die Roomse Kerk om die nie-kerklike lewensgebiede te sien as laer verbruiksmateriaal, op 'n laer vlak en minder belangrik. Dus vlakke waar die Christelike en die wet van God niks mee te make het nie. Die Skepper se eiendomsreg is omvattend – moenie die Herskepper, Jesus Christus, se verlossingsreg op alles gaan inperk (nie), ásof God se skepping wat omvattend verlos word ingeperk kan word tot siel en saligheid.

Die lewe word in die volle totaliteit en samehang daarvan gered, die mens in al die uitinge van die hart. Wie dus in die kerk gloedvol sing van Jesus Christus se koningskap moet dit ook in die daelikse oefening uitleef in die week – in die Volksraad – met Christelike politiek – in die Christelike lesingskamer in die beoefening van die Christelike wetenskap – in die perswese met Christelik-verantwoorde joernalistiek, e.s.m.

God bly Homself getrou in al Sy werk, ook die verlossingswerk deur die Heilige Gees. Die werk van die Heilige Gees in die harte van die gelowiges is sodanig, dat die "dooie hart" lewendig gemaak word sodat AL die uitinge aan God gehoorsaam kan wees. Die Heilige Gees verlos die hart nie net om Sondag in die kerk en in die godsdiensoefening te aanbid nie, maar om die totale lewe van die mens te vernuwe. Pinksterlewe behels nie 'n oorspanne geestelike lewe in engere sin, soos dikwels geleer word nie, maar 'n Christelike lewe van gehoorsaamheid aan Gods wet van Januarie tot Desember, op alle lewensgebiede. Waar die wet van God gehoorsaam en toegepas word ten dienste van 'n Christelike volkslewe, -politiek, -wetenskap, -onderwys, e.s.m., dáár is dit 'Pinkster'. Die Heilige Gees wil ons in die volle waarheid lei (Joh. 16:13) en gee ons lig en wysheid uit die Woord om op alle lewensgebiede Gods wet te begryp en te gehoorsaam.

Vir die normatiewe lewe, d.w.s. gevalle waar die mens volgens Gods wet gehoorsaam óf ongehoorsaam kan wees, het God ook in totale sin voorsien – al dink mense soms dat hulle beter weet as God, en dat Sy wette nie vir alles wat ons doen gegee is en geld nie. Gods wet en die Christelike beginsel geld bindend vir kerk en godsdiens, maar ook o.a. vir die huwelik en die gesin, ook vir die skone, die mooie wat ons in hierdie aardse lewe geniet. Ook geld dit vir staat, politiek, burgerlike regspraak en burgerlike gehoorsaamheid. Dit geld vir die rentmeesterskap met ons besittings, vir ons historiese kultuurvorming, vir ons sosiale omgang en verkeer, ens. Dit

Vervolg op bl. 9

Christelike onderwys: Die skoolbeheerliggaam se mandaat as beelddraers van God

Vervolg op die vorige bydrae van dr Bennie Aucamp

Vervolgens wil ek graag meer spesifiek op die omvang van die taak en verantwoordelikheid van die beheerliggaam fokus. Ek is van oortuiging, in aansluiting by punt 8 hierbo (vorige aflewering), dat die beheerliggaam 'n skool moet vestig en moet uitbou, waarbinne gereformeerde/reformatoriese onderwys beoefen moet word. Anders gestel: Die Christelike skool kan alleen voortbestaan indien ons, en dan in hierdie geval die beheerliggaam, deur en deur gereformeerd (reformerend) dink en doen. Dit beteken die beheerliggaam moet 'n vaste greep op die basiese-/grondbeginsels hê wat as grondslag van die skoolsisteem beskou word. Daar moet met ander woorde geen twyfel wees oor die noodsaak van so 'n skool vir ons kinders nie. Dit beteken dat elkeen betrokke deeglik bewus moet wees dat die Christelike skool deur gebed, harde werk en opoffering gevestig sal word en dat die toekomstige geslag van die absolute nodigheid van die Christelike skool oortuig moet wees. Waarvan moet die medewerkers van 'n Christelike skool verder oortuig wees, en wat moet hulle ingesteldheid en fokus wees?

- Wanneer die beheerliggaam saam met die skoolhoof in terme van sy funksies strategies beplan, die begrotingsbehoeftes en die begroting en skoolfonds bepaal, die personeelvoorsiening en aanstellings, klasgetalle/-groottes, fisiese geriewe, hulpmiddels, tegnologiese ontwikkeling, kurrikulum, leer(der)ondersteunings- en buitemuurse program struktureer, gaan dit gepaard met die nodige voorbidding en versugtende uitspraak, "as die Here wil", en om God in alles te eer en te verheerlik.
- Dit is alleen in die lig van die Woord dat die beheerliggaam en daarmee saam die ouers en personeel en uiteindelik die kinders 'n ware interpretasie van God se openbaring in die natuur kan gee en daarom moet ons na die Bybel gryp vir leiding.
- 'n Christelike skoolbeheerliggaam is daarvan oortuig dat die ouers primêr die verantwoordelike opvoeders van die/hulle kind is. By die doop van ons kinders word dit bevestig. Die Bybel wys duidelik dat die ouers betrek en aangespreek word ten opsigte van die kinders se onderwys en opvoeding (sien Deuteronomium, Spreuke, Psalm 78 en Efesiërs 6:4). Let op die woorde in Efesiërs 6 vers 4: "… soos die Here dit wil". Daarom moet die beheerliggaam voortdurend ouers deur die skoolprosedure daarop laat let dat hulle 'n verantwoordelikheid het om hulle kinders te vermaan, te bemoedig en op die regte pad te lei – volgens God se wil.
- Die beheerliggaam is verder en in terme van sy mandaat daarvan oortuig dat die onderwys en opvoeding van die kinders fundamenteel religieus bepaald moet wees. Die Woord van God dui dit spesifiek aan. Hoor wat die Here van Abraham in Genesis 18 vers 19 sê: "Ek het hom gekies dat hy sy kinders en sy nageslag kan beveel om op my pad te bly deur te doen wat goed en reg is, sodat Ek vir Abraham kan doen wat Ek hom beloof het." Hiervolgens kan die beheerliggaam van ons tyd en in ons Christelike skole ook terugkyk en erken dat God getrou is en sy volk/die Israeliete op 'n wonderbaarlike wyse in die verlede en in die tyd van die Ou Testament gelei het sodat sy kinders Hom met gewillige harte kan dien. Geïnspireer met en deur hierdie wete kan die beheerliggaam met vrymoedigheid ook gewillig dien en aan God gehoorsaam wees.
- Die beheerliggaam is in wese 'n God-geroepe instelling. God roep mense en wil dat ons ten opsigte van elke kind in die skool moet weet dat hy/sy oraloor en altyd die beelddraer van God sal wees. Om die beeld van God in die mens te ontken, is om die mens van sy menslikheid te beroof. En dit wat essensieel deel van die kind is, kan nie ten opsigte van sy/haar opvoeding en onderwys geïgnoreer word sonder om 'n onreg vir beide die kind en sy/haar Skepper te pleeg nie, en sonder om daardeur opvoeding en onderwys in afvalligheid te dompel nie. Na alles moet ons

in gedagte hou dat die Heilige Gees in verbondskinders werk en besig is om die beeld van God wat deur die sonde verloor is te herstel. Daarom moet die beheerliggaam saam met die personeel die ouers by samekomste, ouervergaderings en deur nuusbriewe en verslae ondersteun en aanmoedig om as hulle na hulle kinders kyk, die kinders as beelddraers van God te sien.

- Die beheerliggaam behoort verder daarvan oortuig te wees dat Christelike onderwys en opvoeding die hart en verstand betrek – die totale kind dus.
- Uit voorafgaande is die beheerliggaam daarvan oortuig dat die huis, die kerk en die skool dieselfde siening en begrip van die essensiële kenmerke of natuur van die kind moet hê, maar ook van die basiese aspekte van die onderriggebeure.
- Die beheerliggaam as gereformeerde Christen-entiteit is van die voorveronderstelling en waarheid oortuig dat die kind die beelddraer van God is, en daarom mag geen deel van sy/haar onderwys van hierdie waarheid uitgesluit wees nie, veral in 'n tyd waar die ouerhuis se invloed al hoe minder word.
- Die beheerliggaam wat werklik gereformeerd dink en doen – dit is dink en doen wat nie in stryd met die Bybel is nie, maar juis by die onveranderlike Woord van God begin – laat hom lei deur God se wil en elke lid van die beheerliggaam is daarop ingestel en daartoe verbind om God se wil die wet van sy/haar lewe te maak. Hiervolgens is die beheerliggaam daarvan oortuig dat alle aktiwiteite en verhoudinge binne die skoolprogram deur gereformeerde (Bybelse) beginsels gerig word.
- Uit voorafgaande punt wil ek dit stel dat die beginsel om allereers die koninkryk en wil en geregtigheid van God te soek die beheerliggaam se visie oor al die fasette van die skool moet bepaal (Matteus 6:33). As ons na verse 31 tot 32 van Matteus 6 egter kyk, dan sien ons dat Jesus wys op die antitese/teenstelling waar Hy sê dat die wêreld van ongeloof/ongelowiges/heidene juis eers vra wat die mens wil en dat die orde omgekeer word met 'n ingesteldheid wat soos volg verwoord kan word: "Soek eers die pragmatiese/dit wat vir my werk/dit wat my eerste stel/dit wat my beeld en status en eer bevorder/dit wat ek nodig het, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." Nee, die beheerliggaam moet eerstens na God se eer en sy wil vra en soek en is oortuig dat God se Woord die grondbeginsel van die lewe en praktyk is. Hiermee kan nie ongeërg omgegaan word nie. Trouens, die beheerliggaam kan en behoort met groot vrymoedigheid en openheid beplande projekte en inisiatiewe vanuit volle afhanklikheid van God en die koninkryksperspektief aan te pak. Dis verseker 'n uitdaging in 'n omgewing waar selfs uit eie geledere mense nie privaat Christelike skole en tuisskole met 'n reformerende karakter ondersteun nie en eerder die idee ondersteun om hulle kinders by skole in te skryf wat grootliks op akademie fokus of onder die dekmantel dat sulke skole die plek is waar kinders meer geleenthede gaan kry en/of sosiaal beter gaan ontwikkel.
- Die beheerliggaam behoort van die oortuiging te wees dat 'n ware Christelike skool nie dui op 'n klooster-mentaliteit nie. Allermins! Die beheerliggaam van die Christelike privaatskool is wel bewus van 'n sondegevalle wêreld met sy ongeloof en afvallige religieë en wêreldbeskouings. Trouens, die veronderstelling is dat die beheerliggaam met al sy lede hulle sondigheid en hulle onvermoë bely om enigiets te doen om redding en verlossing te verkry. God se uitverkiesende genade deur Christus se versoeningsdaad word uit geloof omhels. Die sondeval het egter ook die ongeloof en afvallige religieë met hul kenmerkende verskynsels/idees laat verskyn. Hierdie verskynsels en idees is vir die mens aanloklik en beïnvloed sy beskouings aangaande die wêreld en God. Afvalligheid van God deur toewyding aan die afgodedom en die vermenging van die ware godsdiens en die skyngodsdiens/afgodediens is sedert die sondeval 'n algemene menslike verskynsel. In die lig van sy sondigheid, maak die mens homself dit wys dat hy ook ruimte kan skep vir uitgangspunte wat nie uitsluitlik tot eer en verheerliking van God is nie. Dit is binne en teen hierdie wêreldbeeld waarbinne die beheerliggaam funksioneer en homself moet posisioneer – nie op 'n ontrekkende wyse en toeskouer-mentaliteit nie, maar volgens die beginsel dat die Christen in hierdie wêreld is, maar nie van die wêreld nie. Nee, die Christelike beheerliggaam is ingelig en vergewis hom van die tendense, idees en beskouings wat byvoorbeeld die skool se visie bedreig of daarop negatief inspeel, en gee ook Bybelgefundeerde antwoorde om regstelling te bring of die skool se beginsels en standpunte te bevestig.
- Die beheerliggaam kan in die lig van voorafgaande met vrymoedigheid aan land- en wêreldgebeure deelneem, simposiums en konferensies by-

Vervolg op bl. 8

woon of afgevaardigdes stuur, al word selfs anti-Christelike en sinkretistiese standpunte deur sprekers gehuldig. Dit word gedoen uit 'n posisie van krag en die wete dat die personeel en beheerliggaamlede in Bybelse beginsels begrond is. As skoolhoof kon ek telkens by kongresse, skoolhoofde simposiums en ander indiensopleidingsgeleenthede die koring van die kaf onderskei op grond van my Bybelse oortuigings en beginsels, en ek dank die Here daarvoor. Dit bring my by die volgende punt met betrekking tot die skep van geleenthede om personeel en gemeenskap verder te bemagtig, ten einde hulle taak en opdrag uit te voer.

- Die beheerliggaam met inbegrip van die skoolhoof en sy personeel is daarvan oortuig dat geleenthede geskep word waar skole (nasionaal en internasionaal) met mekaar skakel, waar die grondwaarhede van Christelike onderwys gedeel en bevestig word en waar ons mekaar bemoedig en geloofsversterkend mekaar tot volharding aanmoedig. Ons leer as Christus se Liggaam bymekaar en deel mekaar se gawes – dit wat Christus vir ons gegee het. Dit alles word onderneem met die wete dat God aan ons mildelik voorsien en dat Hy tegnologiese middele soos die internet en ander sosiale media platforms (byvoorbeeld die sogenaamde 'Zoom'-tipe kommunikasiemedium en pot-gooie/*podcasts*) aan ons voorsien om met mekaar te skakel, maar ook die boodskap en saak van Christelike onderwys vrylik en onverskrokke te bevorder. My gevoel is dat daar beslis meer plaaslik gedoen kan word om die saak van Christelik gereformeerde onderwys te bevorder en deur 'n verenigde front uit te dra – ook deur kerke en gemeentes. Ons mag nie lamgelê word deur sienings binne die kerk en uit ander geledere wat Christelike onderwys en skole as onhaalbaar/onuitvoerbaar beskou nie, net omdat ons vir jare al gewoond geraak het aan 'n model waaruit ons ons nie kan loswikkel nie. Daarom behoort die beheerliggaam 'n staande punt op die agenda te hê waar lede mekaar as't ware tot verantwoording roep oor die Christelike opdrag om die totale program met sy onderskeie dele in die lig van God se Woord en Waarheid aan te pak en uit te voer. Ons is dit aan ons verbondskinders – God se kinders – verskuldig.
- Ons hoor dikwels in die alledaagse gesprekke van karakterbou en waardegedrewe onderwys. Teen hierdie agtergrond is dit vir die beheerliggaam van die Christelike skool belangrik om perspektief te gee. Die vraag wat gevra moet word, is wie se karakter en wie se waardes? Dit is duidelik op grond van voorafgaande punte dat die onderwys in die Christelike of Bybelgefundeerde skool Christus-gesentreerde onderwys moet wees. Dit is ononderhandelbaar. As karakterbou en waardegedrewe onderwys dus verkondig word, is die bedoeling dat die Christelike skool en sy beheerliggaam Christus se karakter en die waardes wat Hy uitgeleef het deur die skoolprogram sal verkondig. As 'n skool integriteit as waarde bepaal en dit selfs teen die mure in die gange, in die skool se voorportaal en op briefhoofde aanbring om aan te dui waarvoor die skool staan, kan dit nie bloot as bemarkingstrategie dien nie, maar gaan dit ten diepste oor die eer en verheerliking van God deur Jesus Christus wat die volmaakte voorbeeld van byvoorbeeld integriteit is en was. Christus se volmaakte voorbeeld behoort dus die Christelike skool ten opsigte van alle aktiwiteite te integreer en te reflekteer. Die grondliggende vrae is: Na wie wys die waarde? Wie word deur die waarde verheerlik?
- Die beheerliggaam se taak en voorbeeld behoort toenemend die skoolgemeenskap in sy geheel op Christus en sy voorbeeld te wys. Dit is die resultaat van heiligmaking – meer en meer soos Christus. In die praktyk is die beheerliggaam, gedryf deur die Heilige Gees, voortdurend daarop ingestel om die skoolhoof, die ouers, personeel en uiteindelik ook die kinders aan te moedig om dit wat na God se Woord wys te bestudeer om in hulle geloof opgebou te word en God te verheerlik. Hier dink ek spesifiek aan die bronne wat God deur mense daargestel het om God se Woord verder te ondersoek en sy wil te leer ken. Bronne soos die *Dordtse Leerreëls*, die *Heidelbergse Kategismus*, die *Geloofsbelydenis* en die artikels oor onder andere die Enige God, die middele waardeur ons God ken, die geskrewe Woord van God, en so meer. Ja, ek is al te bewus dat daar diegene is wat niks wil weet van genoemde geskrifte nie met die gevoel dat hulle dit nie nodig het nie. Die Bybel is genoeg. En dis waar. Die Bybel is die onveranderlike Woord van God en geen ander geskrif kan dit vervang of aanpas nie. Persoonlik het hierdie geskrifte (benewens ander boeke) my

telkens in my lewe gehelp om perspektief te kry, deurdat dit my juis op die Bybel as lewende Woord van God meer en meer laat fokus het om byvoorbeeld dwalinge uit te ken en met God se Woord versterk te word. Ek beskou dit as gawes uit God se hand waarmee sy kinders gevoed word – gawes soos beliggaam deur Christus. Kyk net hoe treffend word ons as God se kinders (as deel van die liggaam van Chrisus) in 1 Petrus 4 gelei om deur Christus die nuwe lewe aan te pak en ons hoop op Hom alleen te stel en nie op die wêreld en lewe waarvan ons afskeid geneem het nie: “Omdat Christus dan liggaamlik gely het, moet julle ook julleself bewapen met dieselfde insig, naamlik dat iemand wat liggaamlik gely het, met die sonde klaar is. [2]Daarom laat hy hom, gedurende die oorblywende tyd van sy liggaamlike bestaan, nie langer deur menslike begeertes lei nie, maar wel deur die wil van God. [3]Immers, julle het in die tyd wat verby is, al oorgenoeg deel gehad aan dit wat die heidene wil doen: uitspattigheid, begeerte, dronkenskap, brassery, drinkpartytjies en verfoeilike afgodediens. [4]Hulle verstom hulle daaroor dat julle nie meer meedoen aan hierdie selfde stroom losbandigheid nie, en sê lasterlike dinge – [5]hulle sal rekenskap moet gee aan Hom wat gereed staan om oor lewendes en dooies te oordeel.”

Ter afsluiting wil ek net wys op die beheerliggaam se belangrike taak en opdrag om die kulturele mandaat (Genesis 1:28) uit te voer. Uiteraard mag dit wat hierbo in die eerste gedeelte verduidelik of bespreek is reeds dui op die effek van die kulturele mandaat; herhaling mag noodwendig voorkom, maar nou ja, ons weet mos dat ons en ons kinders deur herhaling leer! Wat word bedoel met “kulturele mandaat”? Wat die begrip ‘kultuur’ betref, reken ek dat vele skoolhoofde kan getuig dat die begrip uit gewoonte sodanig gebruik is/word dat dit na o.a. die koor en debatsvereniging verwys. Soms verwys dit ook in breë terme na die skoolkultuur, leerkultuur, sportkultuur en so meer. Tog sê die wese van die begrip baie meer en verwys dit na ’n dieper betekenis – ’n betekenis en strekking wat deur die beheerliggaam van die Christelike skool ten diepste verstaan moet word.

Vervolg van bl. 5: **Ons allesomvattende Christelike lewens- en wêreldbeskouing**

geld ook vir die bestudering van die kultuurwetenskappe (in die omgang bekend as die sg. geesteswetenskappe). Vir die natuurwetenskappe het God vaste natuurwette gegee, wat egter nie die feit wegneem dat ons die natuur normatief moet gebruik en die natuurwetenskappe normatief moet beoefen nie.

Die mens het dus ’n omvattende Christelike roeping. Vanuit bogenoemde is die mens geroepe om in al die uitinge van die hart Christelik te lewe. Heiligmaking is ’n lewe van danksegging vir die heerlike verlossing in Jesus Christus. Dit hou verder in dat die kerk ware kerk sal wees onder die beligting van die Woord – gereformeerd omdat dit Bybels is. Dit behels die persoonlike godsvrug in ’n lewendige geloofs- en liefdesverhouding tot God. Dit eis ons Christelike liefde in die voorhuwelikse omgang met mekaar, asook binne die huwelik en gesin en liefde teenoor die naaste. Dit staan teenoor bandeloosheid, seksuele chaos, egskeiding – teenoor alle humanistiese willekeur soos nou grootliks gepropageer. Dit roep om Christelike gehoorsaamheid in die kuns – dat ons ’n smaak sal hê vir die skone, die estetiese in Gods skeppingswerke. Kuns is nie abstrakte fratse wat enigiets tussen ’n gebeurtenis en ’n ongeluk kan beteken nie. Dit vra dat die owerheid volgens Christelike politieke norme sal regeer, ook dat die Christelike politieke partye die burgers(-esse) sal opvoed tot Christelike mondigheid. So is ons in die ekonomiese lewe geroepe om met al ons besittinge op alle lewensgebiede en in al die lewensvorme (gesin, kerk, staat e.s.m.) God te verheerlik. Ons moet ’n Christelike kultuur vorm in die opbou van ’n Christelike volkslewe. Ons sosiale omgang en verkeer moet ’n Christelike styl openbaar. Dit beteken dat die denkarbeid ook ten opsigte van die wysbegeerte en vakwetenskappe radikaal vanuit die wortel, totaal oor die hele wetenskaplike ensiklopedie Christelik gevorm sal word, om so ook die volledige Christelike lewe te lei en te bevrug. Die gereformeerde Christen erken dat alles nog nie kant en klaar uitgebou is nie, maar die roeping daartoe is apriories, nie omdat die Christen anders en aanmatigend wil wees nie, maar gehoorsaam aan God en aan Sy Woord. Gods waarheid is een, vir die alomvattende lewe, en daarom bid ons: “Leer ons Here u weg: Ek sal in u waarheid wandel: verenig my hart tot die vrees van u Naam”.

Is u hart nog verdeeld, óf wil u in al die uitinge daarvan lewe en werk in die vrees van God?

Die onderwyser se verhouding met ander

Opgestel deur Pieter Bisschoff

Doelwitte

Geen onderwyser verrig sy taak in isolasie nie. Daarom moet elke gelowige onderwyser deeglik besin oor die wyse waarop hy met ander persone in die gemeenskap omgaan, asook oor hoe hy of sy in die openbaar optree.

'n Gelowige onderwyser is 'n gawe van die Here

In die verlede was onderwys 'n gerespekteerde beroep. In baie gevalle was die skoolmeester en predikant die enigste gekwalifiseerde persone in hul gemeenskappe en is van hulle verwag om die leiding op vele terreine te neem. Die samelewing het hulle geëer vir die werk wat hulle verrig en hulle met agting en respek behandel. Ongelukkig het hierdie toedrag van sake ingrypend verander. Vandag word jou status in die reël nie meer deur jou beroep bepaal nie, maar deur die welvaart waaroor jy beskik. Baie leerlinge kies daarom eerder om 'n beroep te volg wat 'n goeie inkomste verseker as een waar hulle minder verdien. Diensbaarheid aan God en medemens het minder belangrik geword.

Baie persone sien op die onderwysprofessie neer. Na hul oordeel is onderwysers slegs tegnici wat leerlinge met allerlei take besig hou waarvan die sinvolheid nie altyd so seker is nie. Van skole word dikwels ook die onmoontlike verwag. Opmerkings soos "ons kinders leer nie meer dissipline op skool nie" of "dit is juffrou X se skuld dat my kind met Wiskunde sukkel" kom baie voor. Indien 'n skool sukkel om aan ouers se verwagtinge te voldoen, word die skool en sy onderwysers beswadder of afgekraak. Soms word onderwysers selfs openlik voor leerlinge op 'n negatiewe wyse bespreek of moedig ouers hul kinders selfs aktief aan om hulle teen 'n onderwyser se gesag te verset.

Diegene wat die onderwysprofessie minag of gelowige onderwysers se gesag ondermyn, besef nie dat so 'n skool met sulke onderwysers 'n gawe van die Here is nie. Die Heilige Gees werk dit in gelowiges se harte en rus hulle met die nodige talente toe, om 'n onderwyser te mag wees. Die Here doen dit omdat Hy wil hê dat gelowige onderwysers sy kinders in die vrese van sy Naam moet opvoed. Ouers wat dit besef, sal dankbaar met hul kinders se onderwysers omgaan. Hulle besef onderwysers het ook tekorte en gebreke, maar waardeer die hulp wat hulle ontvang met die opvoeding van hul kinders. Net so sal onderwysers wat besef hulle is 'n gawe van die Here, moeite doen om hul beroep na die beste van hul vermoë te beoefen.

Ouer-onderwyserverhouding

Ouers ontvang in die Skrif die opdrag om hul kinders in die weë van die Here op te voed sodat hulle op die regte manier voor sy aangesig kan lewe. Aangesien dit 'n omvattende en ook 'n gespesialiseerde taak is, maak baie ouers van ander gelowiges gebruik om hulle daarmee te help. 'n Gelowige onderwyser vorm daardeur deel van die geloofsgemeenskap wat die kinders opvoed. As "mede-ouer" staan die onderwyser nie onder of bo die ouer nie, maar eerder langs die ouer. Hy of sy word met dieselfde gesag as die ouer deur God beklee. As gevolg van hul professionele kundigheid neem onderwysers wat formele skoolonderwys betref wel die leiding om te verseker dat die

leerlinge die vereiste akademiese standaard bereik.

Die leerstof wat die leerlinge op skool leer, moet ten nouste aansluit by die onderrig en opvoeding wat kinders tuis ontvang. Dit verwar 'n leerling as hy of sy tuis hoor dat God alle dinge geskape het, maar op skool leer dat alle dinge deur toeval of 'n evolusieproses tot stand gekom het. 'n Gesonde ouer-onderwyser verhouding kan help voorkom dat dit gebeur. Ouers behoort nie net by die afrigting van sportspanne of fondsinsamelings betrokke te wees nie. Hulle kan ook waardevolle insette lewer oor die normatiewe begronding van die onderskeie vakgebiede. Deur ouers op 'n gestruktureerde wyse by jou vakgebied te betrek, skep jy nie net 'n noue band tussen jou en die ouers nie, maar stem jy hulle ook positief teenoor jou vakgebied.

Dit is belangrik dat onderwysers kennis moet dra van hoe hul leerlinge se situasie tuis lyk. Kom 'n leerling byvoorbeeld uit

'n stabiele omgewing waar hy of sy goeie ondersteuning van sy ouers ontvang of is die leerling se situasie van so aard dat dit vir hom of haar moeilik is om op sy of haar skoolwerk te konsentreer? Net so moet ouers ook weet hoe hul kinders skolasties vorder. 'n Oueraand een of twee keer per jaar is eintlik nie voldoende nie. 'n Telefoonoproep of teksboodskap kan help om ouers oor hul kinders se vordering op hoogte te hou. In praktyk is dit moeilik uitvoerbaar, maar die ideaal is seker dat elke onderwyser ook leerlinge se ouers tuis gaan besoek. So kan onderwysers hulself nie net van die leerlinge se omstandighede vergewis nie, maar ook die leerlinge se vordering met die ouers bespreek.

Onderwyser-kollega verhoudings

Die Here verwag van elke gelowige om in 'n persoonlike verhouding met Hom te leef. Dit beteken egter nie dat jy Hom in isolasie mag dien nie. Dit is soos 'n boom in 'n bos. Beide die individu en die groep is ewe belangrik. Nooit mag die een ten koste van die ander vooropgestel word nie. In die Skrif word hierdie verhouding deur die beeld van 'n liggaam vergestalt. Al het elke lid sy eie funksie, kan die liggaam net na behore funksioneer as elke lid goed saam werk. Dieselfde beginsel geld ook in Christelike onderwys. Anders as die tydsgees waarin elke onderwyser graag sy eie ding doen, moet gelowige onderwysers leer om saam te besin oor hoe hulle Christelike onderrig in die praktyk kan laat realiseer.

Elke vakgebied fokus op 'n sekere deel van God se skepping en werke, maar in Jesus Christus vorm al die dele 'n eenheid. Gelowige onderwysers moet aan hul leerlinge kan aantoon hoe al hierdie kennis in Christus sy begronding vind. Om dit sinvol te kan doen, is dit goed om ook kennis te dra van die werk wat ander kollegas in hierdie verband verrig. Hierdie kennis stel jou in staat om sekere lyne, wat reg deur alle vakgebiede strek, aan jou leerlinge uit te wys. God se voorsienigheid tree byvoorbeeld nie net in Ekonomie na vore as leerlinge produksiefaktore behandel nie, maar ook in Biologie as hulle na voortplanting by sekere organismes kyk. Gereelde gesprekke met gelowige kollegas sal jou nie net help opskerp vir hierdie belangrike taak nie, maar jou ook motiveer om al dieper in God se openbaring te delf.

In die praktyk kan gelowige kollegas baie vir mekaar beteken. Elkeen het sy of haar moeilike of af dae. Dit is dan wanneer 'n woord van bemoediging of die luister na die probleem rondom 'n koppie tee gedurende 'n pouse van groot waarde kan wees. Die Here beveel ons immers in sy Woord om mekaar op te bou en op mekaar te let. As medegelowiges moet onderwysers mekaar voortdurend bemoedig en ondersteun om nie in ons ywer vir die Here te verslap nie. Net so moet gelowige kollegas mekaar ook vermaan as een van hulle dalk 'n misstap begaan. In die evangelie van Matteus gee Jesus Christus duidelike riglyne oor wat gelowiges te doen staan as dit wel gebeur. In hoofstuk nege word in meer diepte daarop gefokus as die hantering van geskille en verskille tussen persone behandel word.

Die onderwyser in die gemeenskap

Die Here vergelyk gelowiges in die bergpredikasie met 'n stad wat bo-op 'n berg lê en wat nie weggesteek kan word nie. Dit geld in besonder vir elke gelowige onderwyser. Deur jou optrede moet leerlinge, ouers en ander persone in die gemeenskap kan sien dat jy jou lig laat skyn in 'n donker wêreld. Dit beteken beslis nie dat jy die hele dag, by wyse van spreke, met die Bybel onder die arm moet rondloop nie, maar wel dat jou optrede van so 'n aard moet wees dat ongelowiges dit kan sien en God verheerlik. 'n Onderwyser wat sy humeur vir die skeidsregter of spelers verloor as sy span nie na wense vaar nie, tree beslis nie as 'n ligdraer op nie. Dit geld byvoorbeeld ook vir sommige onderwysers se drankmisbruik by geleenthede na afloop van sportbyeenkomste.

Die beeld wat onderwysers buite skoolverband aan hul leerlinge uitdra, is ewe belangrik. Hulle gedrag moet altyd getuig van nederigheid, selfbeheersing, lankmoedigheid, respek en liefde teenoor ander mense. Aspekte soos jaloesie, naywer, skinder en selfsugtigheid moet met alle mag beveg word. Net so moet hulle voorkoms en kleredrag altyd van goeie smaak getuig. Veral jong juffroue moet versigtig wees met wat hulle aantrek. Kort rokkies of deurskynende bloese mag dalk jou eie skoonheid beklemtoon, maar dra beslis nie die regte boodskap aan jou leerlinge oor nie.

'n Gelowige onderwyser se verantwoordelikheid strek veel verder as net die skoolterrein en stop ook nie sodra die skoolklok aan die einde van die dag lui nie. As lid van die geloofsgemeenskap waarbinne jy jouself bevind, is jy medeverantwoordelik vir jou leerlinge se doen en late, ook na skoolure. Dan mag jy dit byvoorbeeld nie ignoreer wanneer dit onder jou aandag kom dat leerlinge gereeld drank op 'n partytjie misbruik of seuns dogters onwelvoeglik behandel nie. In sulke gevalle moet altyd met groot wysheid en selfbeheersing opgetree word. In die reël is dit ook wys om die betrokke leerlinge se ouers of voogde by die proses te betrek. Onthou, die doel van

Vervolg op bl. 16

Calvinisme en die opvoeding/onderwys

Hugo Hayes

Bybelse mensbeskouing

Die Calvinisme as lewensoortuiging, hanteer die kritiese vraagstuk betreffende die sin van die lewe en oor wie die mens is, tot bevrediging t.o.v. die weg waarlangs met die opvoeding en onderwys gegaan behoort te word. Dit beantwoord die vrae oor die ware wese van die mens en waarheen hy op pad is, op 'n wyse wat aan opvoeding en onderwys sy diepste sin en betekenis gee. Die opvoeder (as ouer en onderwyser) wat op hulle opvoedkundige taak reflekteer vanuit die perspektief van die Bybelse geloof, sien die mens nie as iemand wat maar bloot toevallig op aarde gearriveer het nie, soos by die evolusionisme. Lg. kan op grond hiervan nie 'n verantwoorde opvoedkundige verklaring i.v.m. die mens en sy bestemming bied nie. Die mens se verskyning op aarde kan nie op wetenskaplike gronde verklaar word nie, maar moet in terme van die Bybelse openbaring as 'n skepping van God-Drieënig geïnterpreteer word.

Die Bybelse uitspraak dat die mens geskape is deur die Almagtige Skeppergod na die beeld en gelykenis van sy Maker, is van deurslaggewende betekenis vir die opvoeding. Die feit dat die ware Oorsprong van die mens in God-Drieënig gevind word, weerspieël sy ware karakter as iemand wat as 'n liggaam-siel-eenheid oorspronklik in waarheid, geregtigheid en heiligheid geskape is (vgl. die *Kategismus*). Hy het nogtans hierdie eienskappe vanweë die sondeval prysgegee. In die opvoeding/onderwys moet die gevolge van die sondeval derhalwe ten volle verreken word, wat in ons dag en tyd 'n probleem geword het, vanweë die humanisme en kultuur van menseregte. Die benadering dat die opvoeding sy sentrale verwysingspunt in die mens self vind, is 'n valse voorstelling van die wesensaard van die mens. Dit kan slegs deur Christelike opvoeding/onderwys reggestel word. Hierop bied die Calvinisme die Bybelse antwoord van versoening in Jesus Christus met God en dat die mens dus enkel opvoedbaar is op grond van die moontlikheid/werklikheid van sy/haar verlosbaarheid.

Godskennis en die ondersoek na die werklikheid

Calvyn beredeneer in sy *Institusie* (Boek 1, hfst 5) die saak oor hoe om tot kennis van God vanuit die ondersoek na die werklikheid te kom, m.a.w. wat ons oor God uit sy werke te wete kan kom, aangesien ons Hom nie na sy Wese kan begryp nie. Dit is afgesien van die kennis wat ons oor God vanuit sy selfopenbaring in sy Woord (Skriftuur), ook vanuit die openbaring van sy werke (natuur), te wete kom in die lig van voormelde. Voorwaarde is dat dit nie kennis van 'n twyfelbare aard nie, maar wat bestendig en vrugbaar in ons hart (en verstand) moet wortelskiet, d.w.s. betroubaar moet wees. Die Here openbaar Hom deur sy krag en waar ons die werking daarvan binne ons ervaar, moet ons met baie groter besieling deur hierdie kennis beïnvloed word.

Calvyn redeneer derhalwe dat die mees gepaste wyse om God te soek, d.w.s. te leer ken, nie is deur met vermetele nuuskierigheid te probeer deur-dring na die ondersoek van sy Wese nie, maar om Hom deur die bekendmaking in sy Woord en sy werke te aanskou (te leer ken). Daardeur maak Hy Hom aan ons vertroud as 'n God wat

naby is en op die een of ander wyse ook met ons omgaan (besig is). Hy stel dit vervolgens so: "Dit is wat die apostel voor oë gehad het toe hy gesê het dat ons Hom nie ver hoef te soek nie, aangesien Hy met duidelike aanwesige krag in elkeen van ons woon" (Hand 17:27). Daarom het (koning) Dawid eers God se onuitspreeklike grootheid bely, daarna tot 'n vermelding van sy werke oorgegaan en daarop verklaar dat hy van sy grootheid sal vertel (Ps 145).

Dit is daarom ook gepas, vervolg Calvyn, om ons op hierdie soeke na God toe te lê, sodat ons hart/verstand deur verwondering so in beslag geneem kan word dat ons terselfdertyd heeltemal met 'n kragdadige ervaring van God beïnvloed mag word. En soos Augustinus iewers verduidelik: "omdat ons onder sy grootheid beswyk, kan ons Hom nie begryp nie en betaam dit ons om ons oë op sy werke te rig en so deur sy goedertierenheid verkwik te word."

Deurgetrek na ons standpunt oor Christelike onderwys en wetenskap word die implikasie van Calvyn se redenasie duidelik. Wanneer ons met die ondersoek na die werke van God in die skepping besig is, is ons taak

Vervolg op bl. 16

Bedreiging teen die fisiese en geestelike welstand van ons kinders/jongmense

Hugo Hayes

Bydrae gelewer tydens die Konferensie oor veiligheid en verset, 8 Sept. 2023 te Pretoria

1. Inleiding

Dit word verwelkom dat daar binne die bestek van hierdie belangrike konferensie oor veiligheid en verset, ook vir 'n gesprek rakende die belange van ons jeug ingeruim was. Want, dat gesprek oor Christelike onderwys as van kardinale belang in ons heersende landsomstandighede gesien word, staan nie te betwyfel nie. Voorts moet dit as 'n dringende en noodsaaklike oproep aan die adres van elkeen wat op die een of ander wyse met die opvoeding en onderwys gemoeid is, gesien word. Die sinspeling op die veiligheid van ons jeug veronderstel dat daar 'n bedreiging teen hulle gerig is, wat inderdaad die geval is. Aan die eenkant het ons met wat as 'n landskrisis in die onderwys bestempel kan word, te doen, vanuit ons Christelike perspektief gesien, naamlik die uitwerking van die sekularisme. En aan die anderkant met 'n onmiskenbaar geleide aanslag, gerig teen die geesteswelstand van ons jeug.

Duidelikheid en klarigheid oor die aard, omvang en implikasies van die fanatieke aanslag/bedreiging waaronder ons kinders/jongmense die afgelope tyd te staan gekom het, is dus van kritieke belang. Die dringende appèl vanuit hierdie konferensie sou dan wees dat betrokkenes opgeskerp en tot gepaste teenoptrede aangespoor word t.o.v. hierdie aanslag. Eerstens dus die vraag: het ons 'n werklike besef van hóé tendense in die heersende onderwyssituasie daar uitsien en is ons bereid en toegerus om dit met gepaste teenoptredes te kan ontmoet? In hierdie opsig veral die aangewese rolspelers soos ouers, onderwysers en andere wat met hulle grootword gemoeid is en sal wees. Tweedens: Wat is die graad van ons parate toegerustheid, ten einde sodanige bedreiging suksesvol die hoof te kan bied? Dit word gestel in die lig daarvan dat die bedreiging as kompleks en meervoudig manifesteer. Die menswaardigheid van ons kinders/jongmense het reeds in meer as een opsig ernstig in gevaar gekom, sonder dat die implikasies daarvan dalk altyd verreken word.

Die oplossing van beide stelle problematiek setel na oortuiging in die daadwerklike terugkeer na wat God in sy Woord beveel en die beslaggewing aan Christelike onderwys binne volksverband.

In die strukturering van die aanbieding word 'n moontlike indeling van die problematiek soos volg voorgestel: **(i)** die identifisering van die bepaalde fokusgroep waaraan gedink word; **(ii)** die besondere aard van die bedreiging wat teen ons kinders/jongmense gerig word en hoe dit in wese daar uitsien; **(iii)** die behoefte dat daar in volksgeledere oor 'n toepaslike Bybels-verantwoorde onderwysmodel tot eenstemmigheid gekom sal moet word en hoe daaraan beslag gegee sou kon word en **(iv)** watter maatreëls ter beskerming van ons kinders/jongmense voorgestel word, m.a.w. 'n gepaste teenoffensief.

Dit bring ons by die vraag:

2. Wie is die 'hulle' waaraan gedink word?

In antwoord hierop word kortliks oor die identifisering van die fokusgroep gehandel, deur aan Bybelse uitsprake rakende die kind/jongmens aandag te gee, as 'n oriëntering. Daar word derhalwe op enkele sodanige uitsprake oor veral die posisie van die kind/jongmens gewys:

Mat 18:6 ... *maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in my glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die dieptes van die see*.

Mat 19:14 ... *Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele*.

Op grond hiervan kan tot slegs een belangrike afleiding geraak word, naamlik dat die kind/jongmens in die Raadsplan en binne die Verbond van dié God Wie ons aanbid en dien, van geen geringe betekenis is nie. Trouens; hulle neem 'n integraal belangrike plek daarin in, asook in ons samelewing en al die verbande daarvan. En by voltooiing van hulle formele onderwysloopbaan, gaan hulle sonder twyfel aan die bepaalde invloede waaraan hulle blootgestel was gevolg gee, maar met die vraag: watter soort invloed gaan blywend wees? Gaan dit die goeie of die slegte wees? Indien ons as betrokkenes geen optrede in hulle belang gaan neem nie, moet dit ons nie verbaas nie, indien ons hulle langs die pad uiteindeik vir God-Drieënig en sy Koninkryk verloor. Ons doelbewuste strewe vir reeds meer as 70 jaar by die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys (VCHO) is die totstandkoming van 'n Christelike samelewing in ons land, waarin dit tot eer van

Vervolg op volgende bladsy

God-Drieënig sal gaan. Maar in die proses het ons ’n dure plig en verantwoordelikheid in hierdie verband teenoor ons nageslag te vervul.

Wanneer oor ons kinders/ jongmense gepraat word, word daarmee rekening gehou dat hulle oor unieke identiteite en ook persoonlike individualiteite beskik. Hulle is vóór alles Godgegewe kinders wat binne die verbondsgemeenskap gebore word, d.w.s. binne die Christelike geloofsgemeenskap, en tweedens ook binne die verband van ons volk. Hierdie identiteite kwalifiseer hulle hemelse en aardse verbondenhede en is van deurslaggewende betekenis vir hulle grootword. Dit het dus besliste implikasies vir hoe daar in die opvoeding en onderwys met hulle gehandel behoort te word. Verder is elkeen van hulle ’n unieke skepsel voor God wat sy/haar individualiteit betref. Hulle is elkeen na sy of haar eie aard óf manlik óf vroulik in hulle geslagtelikheid, wat oor unieke persoonseienskappe, asook talente of gawes beskik. In hulle proses van groei en volwassewording neem hulle mettertyd met hulle besondere individuele eienskappe ’n bepaalde plek in die samelewing onder kerk en volk in. Ons verwys dus in die eerste plek na Christen-Afrikaner kinders en jongmense wat God aan ons as ouers, onderwysers en ander begeleiers toevertrou het en oor wie Hy rekenskap gaan eis.

Ooreenkomstig ons Calvinistiese opvatting erken ons dat identiteite en individualiteite deur God in sy alwyse skeppingsplan bepaal word. Enige poging om in hierdie albeskikking van God te probeer ingryp, deur dit te wil ombuig tot iets wat menslike oorwegings ter wille moet wees, moet teengestaan word. Die skeppingsplan met die individuele mens en die verbande waarbinne hy/sy grootword en waarbinne hulle lewensvervulling moet vind, mag nie na menslike willekeur omvorm word nie. Dit moet dus benadruk word dat enige optrede van enige wêreldse outoriteit ookal (waaronder selfs ook dié van die staat), met die doel om die voormelde Godgewilde gesteldhede eiewillig humanisties en liberalisties te probeer afbuig of te omvorm (te transformeer), ernstige gevolge inhou. Dit sou daartoe kon lei dat die sinvolle ontplooiing van iemand se menswees ooreenkomstig Bybelse bepalings en norme, tot dié mate geskaad word dat dit uiteindelik as sonde teen die Gebod van God, toegereken sal moet word. Selfs die staat wat homself bokant hierdie gesag sou wou verhef, sal nie van rekenskap gevrywaar wees nie.

Met hierdie voorafopmerkings ter oriëntering oor **Wie** ons die mandaat gegee het en t.o.v. **wie**, word die vertroue uitgespreek dat dit ons sal inspireer om met die toestand waarmee ons teenswoordig te kampe het, erns te maak. En met doelgerigtheid daartoe oorgegaan word dat aan ’n dringende en gepaste teenoffensief, ter bestryding van die bedreiging waaraan ons kinders/jongmense blootgestel is, uitvoering te gee.

3. Waarin is die bedreiging gesetel?

Eksterne bedreiging!!

Geagte toehoorder, nou word daar na die tweede deel van problematiek, naamlik die bedreiging van buite beweeg; waarop nie alleen die ouer nie, maar – ek beklemtoon – ook die onderwyser, ten volle bedag moet wees. Ons kan nie anders nie as dit te beskryf as ’n aanslag wat op die totaliteit van die menswees van ons kinders en jongmense gerig is. En ’n aanslag wat met fyn berekende strategie en ’n duidelike vooropgestelde agenda uitgevoer word. Daar moet by ons geen illusie daaroor bestaan nie dat die identiteite van Christenskap en wit Afrikanerskap die regerende politieke party hoegenaamd nie aanstaan nie. Die idee van Afrikanerkinders en -jongmense in eie reg in die politieke bestel van SA kom nie met hulle beskouing oor die mens in ’n sosialisties herkonstrueerde samelewing ooreen nie.

Die Bybelsgeoriënteerde lewens-oortuiging, lewenswyse en waardes wat deur die Christen-Afrikaner vooropgestel word, staan in direkte teëspraak met die gesiglose samelewing wat onder bedwelmende invloed van die Marxisme tot stand gebring wil word. In reaksie hierteenoor beleef ons in Afrikanergeledere een van die grootste aanslae op ons voortbestaan as volk. ‘n Aanslag waarin nie geskroom word om die wapens van vernietiging en verwoesting te gebruik nie, in wat beskryf kan word as ’n poging om nie net die geestelike nie, maar ook die fisiese integriteit van ons bestaan tot niet te maak. Die aanslag word op ’n veel meer berekende en subtiele wyse en op ’n veel groter skaal en omvang aangewend as wat algemeen daaroor berig word. Indien maar net op die onderwyswetgewing waarmee die afgelope tyd vorendag gekom word, gelet word, versterk dit die indruk dat dit vanuit die sataniese vestings gevoer word. Ons word terdeë daarvan bewus dat die regerende politieke party met gevaarlike politieke spel besig is, wat lewensbedreigend nie net tot die Afrikaner as volk nie, maar ook sy kinders en jongmense staan.

Dit moet benadruk word dat ons met ’n bedreigende aanslag te doen het, ook sover dit die opvoeding en onderwys betref. Een waarin die radikale teenstelling in lewensoortuiging en mensbeskouing tussen enersyds ’n Christelike en andersyds ’n sosialistiese uitgangspunt na vore kom.

Derhalwe eers enkele saaklike opmerkings oor die sosialisme as uitgesproke ANC-ideologie. Daar is meer as een vertakking van die sosialisme, maar in die algemeen kan gestel word dat dit van die een of ander menslike verband soos die staat, die maatskappy ens. uitgaan. In Suid-Afrika is daar 'n beweging in die rigting van die magstaat soos teenoor die huidige regstaat gesien. Die sosiale word buite verband beklemtoon, met die implikasie dat individuele entiteite, wat as van geringer betekenis beskou word, deur die staat oorheers sou kon word. Aangesien die verband van die staat as die hoogste belang gestel word, geld die eis dat alle ander verbande as onderhorig aan die staat beskou word. Die benadering is dat gesin/kerk/skool onder die staat ingekapsel word, ten einde maksimale beheer te verkry. Die staat veroorloof hom dan die reg om deur middel van dwangmaatreëls en wetgewing die individuele tot onderwerping te dwing. Lewensverbande soos die gesin, kerk ens. word in die proses gemarginaliseer, deurdat die staat alle beheer en seggenskap vir homself opeis.

Ons het inderdaad reeds die stadium bereik waar teenoor hierdie bedreiging van ons kinders/jongmense se veiligheid en welwese nie langer apaties en passief gestaan mag word nie. Ek verwys hier na die volgehoue aanslag wat van buite af op die veiligheid van hulle menswaardigheid gevoer word. En laat ons dan ook by 'n geleentheid soos hierdie nie skroom nie, deur blatant en openlik te konstateer dat hierdie aanslag vanuit staatsweë geïnstigeer en georkestreer word. Ek verwys hier spesifiek na die bedreiging wat vanuit die geledere van die regerende politieke party van die land gevoer word, naamlik die ANC, wat instrumenteel daarin na vore kom. Dit kan kwalik anders beskryf word as een waarin ons met 'n volgehoue meedoënlose aanslag te kampe het, wat teen sowel die gees en liggaam van ons kinders gevoer word.

Problematiek waarvan ons oor die jare heen met toenemende ongerustheid bewus geword het, het in ons land 'n werklikheid geword onder ANC-regering. Dat naamlik, vanweë goddelose beleidsrigtings van die regerende party, daardie party nou inderdaad tot 'n beheersugtige en magsbehepte instrument van oorheersing geword het. Iets waarvan ons in die verlede slegs as 'n verskynsel in kommunistiese lande verneem het. Dat 'n regerende party se heerssug en magswellus hom daartoe gebring het dat hy oor die lewens van die inwoners van 'n land beheer en seggenskap wil neem. Ons bemerk dit in die wyse waarop verskeie stukke wetgewing die afgelope tyd met alle mag gestoomroller word, ten einde groter beheer oor die lewens van onderdane te verkry. En ten opsigte van ons kinders en jongmense, veral dié waarmee t.o.v die onderwys eenvoudig voortgestu word, ten spyte selfs van openbare teenstand. Wetgewing wat, indien dit deurgevoer sou word, ingrypende gevolge op die integriteit van die gees en liggaam van ons kinders en jongmense sal hê. Dit sal die onvermydelike gevolg hê dat hulle van hul verbondenheid aan die Here en sy Woord losgemaak word, sodat hulle aan goddelose uitkomste diensbaar gemaak kan word. Dat hulle tot verslawing geneem wil word, weg van die genadige bedoeling van God met hulle lewens.

Ons beleef dit konkreet hoedat sosialisme met sy destruktiewe aanslag op die siel van die mens 'n werklikheid geword het, wat sy willekeur ook in die openbare en private onderwys wil laat geld. Die algehele vervlakking van die ware betekenis van menswees is aan die orde van die dag. Sonder vrees vir teenspraak kan verklaar word dat die ANC met sy materialistiese, mensgesentreerde ideologie antiteties teenoor die Waarheid van God en sy Woord te staan gekom het.

Dit moet ook gesien word teen die groter agtergrond van die doelstellings van die Nuwe Wêreldorde, wat daarin geslaag het om die magte en owerhede van die wêreld met die oog hierop gemonster te kry. Die NWO-aanslag is gerig op die menslike gees, om naamlik die lewensingesteldheid van die mens sodanig te manipuleer dat dit die geestelik-kulturele klimaat vir die koms van die antichris kan voorberei. Die mensheid van die 21ste eeu moet naamlik een wees wat hom aan God en sy Woord ontworstel en sy eie liberaal-humanistiese en materialistiese doelstellings tot die uiterste konsekwensie wil deurvoer. Die sg. vrygemaakte mens wat van God en sy gebod niks meer wil weet nie, maar slegs op die optimale bevrediging van die mens se aardse behoeftes en strewes ingestel is – die volvoering van die humanisties-liberalistiese lewensingesteldheid.

Daar moet nie die minste twyfel daaroor bestaan nie dat die regerende politieke party van SA, die ANC, volledig ingeskakel is by die destruktiewe agenda en program van die NWO. Die afgelope jare bemerk ons toenemend hoedat hy hom daarop toelê om dieselfde gees en gesindheid as dié wat deur die NWO gedryf word, in SA gevestig te kry. Hy doen dit onder die dekmantel van konstitusionalisme d.w.s. beleidsmaatreëls en wetgewing, waardeur die verklaarde doelstellings van die sg. nasionale demokratiese revolusie sy beslag moet kry.

Vervolg op volgende bladsy

Uit verskeie stukke drakoniese wetgewing word dit ongetwyfeld duidelik dat die ANC vasbeslote is om sy ideologiese doelstellings ook wat SA betref, deurgevoer te kry, ten einde die inwoners van die land uiteindelik volledig aan dwingende beheermaatreëls te onderwerp. Die ANC as regerende politieke party is stelselmatig besig om homself te posisioneer as die beskikker en lotsbepaler van die inwoners van Suid-Afrika en daarmee ook die volskaalse beheer t.o.v. die lewens van ons kinders en jongmense in sy mag te kry.

'n Opmerking deur prof. HG Stoker (1941:213) in *Die Stryd om die Ordes* is in hierdie opsig steeds van toepassing:

"Dit is nie die staat wat aan die individu en die menslike verbande hul vryheid gee nie, maar dis God. Wat aan elkeen sy eieaard, take, geleenthede en roepinge skenk, en wat daardeur hul vryheid moontlik maak. Die staat kan aan die individu en die menslike verbande slegs juridiese (regtelike) vryheid vergun, insover hulle met die staatsverband vervleg is en aan die juridiese orde onderworpe is".

(Word vervolg in die 4de Kwartaaluitgawe – Red.)

Vervolg van bl. 12: Calvinisme en die opvoeding/onderwys

om kennis te verwerf 'n opdrag wat in Bybelse lig te staan kom. Sodanige kennis kan nie eiewillig deur die mens vir eie rekening opgeëis word nie, aangesien dit die werk van God is wat bestudeer word. Die kennis waartoe ons kom deur ons bestudering van die werklikheid is nie 'n prestasie waarop die mens sou kon roem nie, omdat ons slegs maar besig is om te onthul wat God reeds in sy ondeurgrondelike wysheid tot stand gebring het. Dit moet vir die mens wat hom/haar met hierdie roeping en opdrag besig hou, 'n getuienis wees van die almag en grootheid en krag van God, wat ons daartoe moet bring om tot groter kennis van Hom te kom. Die onderwyser en wetenskaplike ondersoek en deel slegs maar kennis mee oor dit wat lankal reeds bestaan, waarvan God die Outeur is.

Vervolg van bl. 11: Die onderwyser se verhouding met ander

enige tughandeling is nooit om die oortreder te vergeld vir sy verkeerde dade nie, maar eerder om hom of haar vir dit wat reg is, te wen.

Ter oorweging

Beskryf in minder as 120 woorde 'n goeie ouer-onderwyser verhoudinge in jou skool en hoe dit in praktyk kan verbeter. Indien moontlik plaas so 'n artikel in die skool se nuusbrief aan die ouers.

Uittreksel geneem uit die werk: *The Biblical theory of Christian education* deur ds/dr/prof. FN Lee oor Christelike opvoeding/ onderwys

Summarizing, we have defined Christian Education as the science of extracting individual gifts from and inculcating general virtues into pupils in accordance with the commands of the Word of God made flesh in the Word of God made book. The goal of Christian Education was seen to be man's conscious subjection of the entire Earth to God's glory, and its subjects were seen to be only Christian believers and especially their children. The Teacher of Christian education is always God, now operating pre-eminently through the Parents but also through the Covenant Community and/or through the Church and the School and the State – and in that order of decreasing importance. Whereas the methods of Christian education were found to vary from family worship and saying grace at the table and Bible reading and Sunday School and Church attendance, to methods employed in the Christian School such as the principles of grading and individuality and discipline against the background of the universality of sin and the reality of the covenant of grace – yet always mindful of the fact that all methods are but means to the sole end of glorifying God.

This then is the Biblical theory of Christian Education. There is only one really permanent educational answer to the humanistic, socialistic and communistic schools of our age. That is the free Christian School. Will you help us build it? "How long do you keep halting between two opinions?"(63)

"Let us rise up and build! ... The God of heaven, He will prosper us. Therefore we, as His servants, will arise and build."(64) For "as for me and my house, we will serve the Lord."(65)

Wetsontwerp oor onderwys verwerplik

Hugo Hayes

Die voorgestelde wysigingswetsontwerp oor onderwys, bekend as die 'Bela'-wysigingswet, is een van die mees ingrypende stukke wetgewing nog. Daaruit word dit duidelik dat die Onderwysdepartement die beheer oor die administrasie en bestuur van onderwysinstellings finaal wil sentraliseer. Dit sal openbare, sowel as private en tuisskole ten diepste raak. Die beoogde wetgewing is daarop gerig om die laaste seggenskap, waaroor ouers/onderwysers nog mag beskik, van hulle weg te neem, deur dit in die staat te wil vestig.

Die beheer- en bestuursrade van skole kom hiermee onder skoot, deurdat die beheer oor skole hulle ontneem sal word, en skole daardeur aan die volskaalse beheer van die Onderwysdepartement onderhorig gemaak sal word. Daardeur sal die beheer t.o.v. belangrike aangeleenthede soos die toelatingsbeleid, die beleid rakende die gekose onderrigtaal en die kurrikulum eenvoudig uit die hande van daardie liggame, wat die ouers se belange moet behartig, weggeneem word. Die belangrike beginsel van ouerseggenskap sal daardeur nietig verklaar word, ten gunste van beheer deur die staat.

Dit sal op blatante oorskryding van die magte en bevoegdhede van die owerheid neerkom, wat hulle outoriteit deur onheilige, onbybelse wetgewing op onderwysinstellings wil afdwing, waardeur ouers magteloos gelaat sal word. Dit bevestig weereens dat die eie natuurlike magte en bevoegdhede waaroor die ouerhuis en die skool kragtens hulle eiesoortige individuele bestaansreg beskik, deur die staat opgevorder wil word. Dat die huisgesin, die skool en ook die staat oor bevoegdhede in eie reg beskik, wat deur die beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring beskerm word, figureer nie in die beleid van die regerende politieke party, die ANC, nie. Hulle stel hul daarmee teen die Goddelike skeppingsorde en die samelewingstruktuur soos deur God daargestel, op. Dit kulmineer in flagrante magsoorskryding deur die regerende party, wat op 'n algehele miskenning van die skeppingsorde neerkom. Die eiesoortige magte en bevoegdhede wat aan die ouerhuis en die skool as natuurlike verbande van die samelewing verleen is, word eenvoudig geïgnoreer. Beheer oor die gemelde aangeleenthede betreffende die opvoeding en onderwys, hoort immers nie tot die bevoegdheidsfeer van die staat nie, maar wel dié van die ouerhuis en die skool.

Indien die beoogde wetgewing deurgevoer sou word, kan 'n mens jou die gevolge voorstel, waar die wil en wense van die staat op onderwysinstellings afgedwing sal word, sonder inagneming van dié van die ouergemeenskap. Ons weet reeds dat ingevolge die Marxistiese ideologie waartoe die ANC verbind is, die beleid betreffende toelating, onderrigtaal en die vakinhoudelike, dáárvolgens bepaal en ingeklee sal word. Dit staan antiteties teenoor ons Christelik-volkseie beskouing oor die opvoeding en onderwys vir Afrikanerkinders uit Christenouerhuise. Ons as ouers staan onder 'n verbondsverpligting wat die onderwys van ons kinders betref, en kan derhalwe nie toelaat dat hulle aan die ideologies verderflike onderwys wat deur die beoogde onderwyswet voortgebring sal word, blootgestel word nie. Daar kan maar net na die voorgestelde komprehensiewe

seksuele opvoeding (die sg. CSE) gekyk word. Dit is ver van seksuele opvoeding in ons Christelike beskouing daarvan, maar in werklikheid weersinwekkende seksuele eksploitasie.

Die ouer- en onderwysgemeenskap durf nie deur hierdie voorgenome magsvergryp by wyse van antitetiese en ondermynende wetgewing deur die regerende party, aan bande gelê word nie. Die huisgesin en skool het, net soos elke ander samelewingsverband, die aanspraak en reg op die handhawing van hulle eiesoortige bevoegdhede. Dit geld insonderheid die opvoeding en onderwys van hulle kinders, soos deur God aan hulle toevertrou. Ooreenkomstig ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing mag dit niks minder wees nie as Christelike kultuureie onderwys. Die beoogde wetgewing moet met alle mag deur ouers en onderwysinstellings teengestaan en verwerp word. Ouers moet hulle daarteen verset, omdat hulle hoogste verantwoordelikheid teenoor God is, met die voorwaarde dat hulle dan sal toesien dat hulle kinders na die eis van Bybelse beginsels opvoeding en onderwys sal ontvang.

Die erfenis van ons taal

Hugo Hayes

Terwyl vroeër vanjaar internasionale taaldag gevier was (sekerlik belangrik), sou Afrikaanse Taaldag (14 Augustus) vir Afrikaners as van nóg groter betekenis beskou kon word. Ons hou immers hierdie dag as gedenkwaardig vir die feit dat ons taal deur ’n tydperk van miskenning en onderdrukking gegaan het, alvorens dit die status van amptelike landstaal verwerf het. En vanselfsprekend, omdat dit die taal is wat ons nader aan die hart lê as enige ander; ons eie geliefde moedertaal. Word die taal nie in soveel Afrikaanse letterkundige werke as mooiste en skoonste taal vertolk en in die vaktaal en taalwetenskap deur getroue handhawers in stand gehou nie?

Die erkenning van Afrikaans as volwaardige taal het immers deur ’n geskiedenis van volhardende stryd gegaan, wat uiteindelik, na meer as een-en-’n-halfeeu sedert volkstigting tot die verwerwing van amptelike taalstatus gelei het. Nadat Engels, vanweë die koloniale besetting van die vroeg 19de eeu ‘amptelike’ taal aan die Kaap geword het, was dit as gebruikstaal aan inwoners opgedring. Vir die nedersetters, waarvan die spreektaal in daardie stadium Kaaps-Hollands was, was dit ’n totaal onaanvaarbare toedrag. Dit het, soos bekend, met o.m. die Britse bewindsoorname van 1806 saamgeval, die gevolge waarvan as die oorsake wat tot die Groot Trek gelei het, aangedui word. Dit het vir die nedersetters uiteraard oor méér as net die behoud van hulle taal gegaan.

Enige volk het die reg op ’n eie taal. Vir ons as Afrikaners, was dit egter nie uit die staanspoor so beskore nie. Veral nie vanweë die feit dat die Kaap onder die vreemde invloed van eers die Bataafse tydperk en daarna die Britse bewindsoorname gekom het nie. Die omstandighede, soos deur onvoorsiene bewindsoornames teweeggebring, was as onderdrukkend deur die Kaapse nedersetters beleef, wat hulle eie taal, kultuur en staatkundige vryheid gekoester het en wou handhaaf. Hulle was op die lange duur nie bereid om onder die liberale Britse invloed te staan nie, gepaard met die afdwing van die Engelse invloed en taal, asook neutrale staatsonderwys. Met boonop ook nog die verval van die sosiaal-politieke orde aan die Kaap as hoofoorsaak waarom die binneland ingetrek was op soek na ’n eie selfstandige volksbestaan met ’n eie regering.

Ons Afrikaanse taal het intussen, sedert volksplanting, sy eie geleidelike ontwikkelingsgang beleef, ten spyte van gemelde inhiberende faktore. Sedert 1872 het ’n wending gekom, toe die eerste stemme begin opgaan het vir ’n Afrikaanse Bybelvertaling. Die pleidooi vir ’n Afrikaanse Bybel kan as eerste aanduiding gesien word dat aan die nuwe spreektaal ’n prominente plek in die godsdienstige en kulturele lewe gegee moes word. Vooraanstaande Afrikaners aan die Kaap het geoordeel dat die tyd ryp geword het dat aan die taal ’n eie amptelike beslag gegee moes word. Dit was hulle waarneming van die stand van die taal in daardie stadium: ’n taal wat sedertdien van wat destyds as Kaaps-Hollands bekend was, na Hollands-Afrikaans oorgegaan het en tot ’n taal in eie reg ontwikkel het. Dit het die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) op 14 Aug. 1875 tot gevolg gehad. Maar dit sou daarná nog meer as vyftig jaar neem voordat die grootse ideaal van ’n Afrikaanse Bybel verwesenlik sou word.

Danksy egter die onvermoeide pogings soos deur die Eerste en Tweede Taalbeweging heen, is die stryd ter erkenning van Afrikaans volhardend gevoer. Laasgenoemde het spoedig geblyk meer as net ’n taalbeweging te wees. Die uitkringeffek het daartoe meegewerk dat dit oor die breë volkslewe uitgebrei het, ten einde ook die godsdienstige en kulturele lewe en die terrein van die onderwys en wetenskap te bestryk. Die erkenning van Afrikaans as voertaal in skole in 1914 was die eerste groot oorwinning. Die heuglike gebeurtenis wat tot die amptelike erkenning van ons taal gelei het, het uiteindelik in 1918 aangebreek. Einde van die stryd was dit egter nog nie, aangesien die uniale owerheid steeds aan Engels voorkeur gegee het en ’n beleid van verengelsing wou deurvoer, deur veral die neutrale staatskole daarvoor te gebruik. Maar betekenisvol is die feit dat die Afrikaanse taal sy plek as amptelike landstaal naas Engels kon inneem en in staat was om aan al die belangrike taalfunksies reg te kon laat geskied. Wat as merkwaardig gestaaf moet word is die feit dat Afrikaans reeds teen 1925 daarvoor erken was dat dit in staat is om aan die hoërorde denkfunksies uitdrukking te gee, sodat dit as ’n volwaardige onderwys- en wetenskapstaal sy plek naas ander erkende tale kon begin inneem.

Deur al die stryd heen het die Here dit so beskik dat daar volksgenote was wat aan hulle taal en kultuur getrou gebly het en dat ons die oprigting van die bekende CNO-skole beleef het, met Godsdiensonderrig prominent en Afrikaans die leidende onderrigtaal. En

verderaan die nóg meer betekenisvolle verskyning van die Bybel in Afrikaans in 1933, wat allerweë as die verwesenliking van die GRA se oorspronklike doelstelling gesien word. Dit sou stellig verklaar kon word dat dit 'n unieke gebeure is dat die selfstandigwording van 'n volk se taal met die verskyning van 'n Bybel in eie taal gepaard gegaan het. Dwarsdeur al hierdie verwikkelinge was die opbloei van 'n gees van patriotisme in volksgeledere merkbaar aanwesig, soos dit veral deur die amptelike orgaan van die GRA vertolk was. Dit het o.m. ook tot 'n kulturele heropbloei in Afrikanergeledere aanleiding gegee.

Dat ons Alwyse God die taal as medium van kommunikasie aan die mens gegee het, bly 'n wonderlike beskikking, waarvoor Hy gedank moet word. Die taal is tot ons benutting as 'n instrument wat tot eer van God gebruik moet word, deur o.m. aan die taalnorme gehoor te gee. Ons is so bevoorreg dat ons hierdie dinamiese en veelsydige taal ontvang het, met al die moontlikhede daarin opgesluit. Sodoende word ons in staat gestel om in sinvolle interaksie te kan tree m.b.t. die verskeidenheid van verhoudinge van ons menslike bestaan, benewens dat kultuurskeppend met die werklikheid omgegaan kan word.

Deur die taal gee ons uitdrukking aan die diepste gewaarwordinge en gevoelens van ons beleweniswêreld. Daardeur kan ons op betekenisvolle wyse ons gedagtes, motiewe ens. kommunikeer. Ons kan opbouende gesprek voer; ons kan diepsinnige kennis deel in die beoefening van die wetenskap; ons kan dit wat ons in eie gemoed ervaar op verstaanbare wyses vertolk; ons kan idees uitruil en standpunte toets. Die moontlikhede is talryk. Die taal stel ons in staat om belewenisse op 'n wyse te kan verwoord wat ook tot ander spreek. Gevolglik beskik ons oor 'n letterkundige erfenis in ons eie taal wat die edelste en mooiste in ons volkskultuur na vore bring.

Ja, deur die taal word ons in staat gestel om in die opvoeding en onderwys met ons kinders en jongmense in gesprek te gaan. En dit in hulle moedertaal, wat die heel beste medium van onderrig is wanneer dit om die oordrag van kennis gaan en t.o.v. hulle eie karaktervorming, soos reeds oortuigend deur navorsing aangetoon.

Die grootste van alles is sekerlik dat ons in ons eie taal in verhouding tot ons God en Vader kan tree! Ons taal is so geskakeerd dat ons met piëteit in aanbidding voor Hom kan kom, sy lof daarin kan besing en aan Hom eer en heerlikheid toebring. Die taal bied aan ons 'n ryke skat van gebruiksmoontlikhede waarop ons in aanbidding en lofprysing tot Hom kan nader.

Ons huldig derhalwe telkens op Taaldag die gawe van ons eie gewaardeerde taal uit die hand van die Here en dank Hom daarvoor.

Maar ons taal verkeer tans onder groot druk vanweë verskeie faktore. Die grootste daarvan, naamlik dat daar diegene is wat die integriteit van die taal skade aandoen (i) deur taalgebruik waardeur die wese van die taal verminkword en (ii) deur weereens aan Engels die voorrang te gee in sekere opsigte. Laat ons op Taaldag nie vergeet nie van die stryd wat vir Afrikaans gestry moes word om tot 'n volwaardige taal te kom. En ons voorneem om die taal in eie geledere te handhaaf en verder uit te bou na ons vermoë. Sing ons dit nie vir mekaar toe nie in die woorde van die lied *Afrikaners, Landgenote*: " ... wees getrou aan volk en taal"!

Links: Totiushuismusuem

Regs: Die Genootskap van Regte Afrikaners is op 14 Augustus 1875 in hierdie vertrek gestig.

Die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys

Posbus 1824, Bloemfontein 9300

70
2019

Aansoek om lidmaatskap

1. Ek/Ons .....
   doen hiermee aansoek om lidmaatskap van die VCHO.

2. Aansoek word hiermee om lidmaatskap van die VCHO gedoen namens:

   .....

Ek/Ons onderskryf die grondslag, doel en missie van die VCHO soos hieronder uiteengesit.

Ek/Ons onderneem om 'n vrywillige finansiële bydrae tot die VCHO te maak, soos in die bygaande "Magtiging t.o.v. Aftrekorder" aangedui.

Geteken: .....
In my/ons persoonlike hoedanigheid
As gelastigde/gevolmagtigde

Datum: .....

Grondslag

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

"Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug" (Spr. 1:17).

"Aan My is gegee al die mag in hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle omalles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Mt. 28:18-19).

Doel

Die bevordering van

- Christelike opvoeding
- Christelike onderwys en
- Christelike wetenskap

"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (2 Tim. 3:16 en 17).

Missie

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl.:
Hand. 1:8).

Die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys

Posbus 1824, Bloemfontein 9300

70
2019

Magtiging t.o.v. Aftrekorder

Ek/Ons ..... (volle name en van)

magtig hiermee (Naam van Bank):

.....

.....

.....

om per afrekorder soos volg (merk u keuse met X):

per maand ☐

eenkeer per kwartaal ☐ gedurende .....

eenkeer per halfjaar ☐ gedurende .....

eenkeer per jaar ☐ gedurende .....

die bedrag van R ..... uit my rekening nr ..... oor te betaal in die onderstaande rekening:

VCHO

ABSA Bank, Loch Logan

Rekening nr: 470-910-011

Takkode: 632005

My woonadres: .....

.....

.....

.....

My e-posadres: ..... (indien beskikbaar)

My tel. nr/sel nr: .....

Geteken: .....

Datum: .....

E-pos asb. na: tillie@vcho.co.za

Finansiële bydraes aan VCHO: beroep op lede

Ons bring graag die volgende vir ons belangrike punte onder ons lede se aandag:

1. Inbetalings oor die toonbank

Ons bemerk dat daar lede is wat inbetalings as bydraes aan die VCHO oor die toonbank doen. Die bankkoste daaraan verbonde is besonder hoog. Volgens ons finansiële state van die afgelope jaar, word inbetalings in kontant oor die toonbank met hoë bankkoste belas. Op 'n bedrag van byvoorbeeld R50, die voorgestelde minimum jaarlikse bydrae aan VCHO, beloop die bankkoste in sodanige gevalle R45, wat beteken dat slegs R5 die VCHO toekom.

Ons wil ons lede in hierdie omstandighede aanmoedig – dié wat dit so kan doen – om waar moontlik, eerder elektroniese inbetalings te doen. In hierdie geval is die bankkoste minimaal en ontvang die VCHO die grootste deel uit 'n bydrae van R50, as in voormelde gevalle. Daar word nogtans voorkeur gegee aan die reël van 'n aftrekorder met die bank, maar bydraes in enige vorm word steeds met groot dank ontvang.

2. Bydraes van R15 en minder per jaar

Ons wil lede verder ook vriendelik vra om, waar dit enigsins moontlik is, bydraes van R50 en minder per jaar, na tussen minstens R50 en R100 per jaar te verhoog. Dit geld eenmalige bydraes per jaar of bydraes wat oor verskeie maande versprei word, waarvan die somtotaal op R50 of minder per jaar te staan kom. Wil u dit nie oorweeg om u jaarlikse bydrae te verhoog nie?

Ons bedank graag weereens ons lede wat gereelde bydraes maak vir hulle gesindheid teenoor ons Vereniging.

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in Roeping en Riglyne nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath en Prof D.F.M. Strauss.

HOOFBESTUUR:
Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voorsitter), Prof J.A.E. Adendorff (Pretoria), Prof E.J. van Niekerk (Pretoria), Prof I.H. Horn (Pretoria), Prof H.G. Stoker (Potchefstroom), Dr A.L.A. Buys (Orania), Dr M. Diedericks (Pretoria) en Ds R. Bain (Potchefstroom).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes

Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein, 9300/9301

Tel. (051) 525 2267 of (051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: hugo@vcho.co.za
Tuisblad: http://www.vcho.co.za